





Touwerk

Kursusgangerhandleiding

Weergawe April 2016



Die
Voortrekkers

INHOUDSOPGAW

VOORWOORD	4	2	KNOPE	17
INLEIDING	5		Oorhandknoop	17
1 DIE REGTE KNOOP VIR ENIGE WERK	6		Dubbele oorhandknoop	18
1.1 Ander faktore	6		Klomp oorhandknope	18
1.2 Geskiedenis van tou	7		Oorhandknoop met gliplus	18
1.3 Verskillende tou	8		Oorhandlus	18
Gedraaide tou	10		Oorhandknoop gedubbel	19
Gevlegte tou	10		Visserknoop	19
1.4 Storing en versorging van tou	11		Figuur-agt knoop	20
Oprol metodes	12		Figuur-agt gedubbel	20
Kettingsteek	12		Figuur-agt lus	21
Alphine spoel	12		Skuifknoop	21
Brandweerman poel	13		Voorslagknoop	21
Matroosspoel	13		Dubbele Voorslagknoop	22
Vlinderspoel	14		Gepligte voorslagknoop	22
Opwenspoel	14		Kniehalter	22
1.5 Terminologie van tou	15		Dubbele Kniehalter	23
1.6 Beset van tou	16		Rowersknoop	24
Bind	16		Timmersteek	24
Terugsplitsing	15		Skenkelknoop	25
Oogsplitting	17		Boeieknoop	27
Brand	17		Vlinderknoop	27
			Brandweerknoop	28

	Booglynknoop	28		Plattsburgh knoop	42
	Dubbele booglynknoop	28		"Oriental" knoop	42
	Galgknoop	29		Hanover knoop	43
	Bobbejaanvuisknoop	29		Half Windsor knoop	43
	Pruisiese lus	30		St Andrews knoop	44
3	VASWOELE	31		Eldredge knoop	44
	Driepoot vaswoel	31		Windsor Knoop	45
	Kruisvaswoel	31		Pratt knoop	45
	Rygvaswoel	32		"Cafe" knoop	46
4	SPELETJIES	33		Strikdas	46
	Dink buite die boks	33	7	KNOOP 'N SERP	47
	Ken jou knope	33		Drapeer	47
	Maak die knoop	34		Eenkeer om	47
	Leer jou maat	34		Verkeerd om drapeer	47
	Blits knope	34		Kruis op bors	48
	Identifiseer die regte tou vir die regte werk	34		Europese knoop	48
	Hindernisbaan	34		Tweekeer om	48
5	MACRAMI	35		Valse knoop	49
6	KNOOP 'N DAS	38		Omgekeerde drapeer "TUCK"	49
	Christensen knoop	38		Omgekeerde drapeer met kruis	49
	Trinity knoop	39		Vier-in-hand	49
	Kelvin knoop	39	8	KNOOP N SY-SERP	50
	Balthus knoop	40		BRONNELYS	51
	Victoria knoop	40		Boeke	51
	Nicky knoop	41		Internet	51
	Vier-in-hand knoop	41			

VOORWOORD

'n Lekker naslaangids vir al die knope wat in Die Voortrekkers gebruik word.

Touwerk is nie net interessant nie, maar ook baie pret. Knope word daagliks gebruik, sommige knope word so baie gemaak dat 'n mens nie eens dink dat dit 'n knoop is nie.

Al die knope wat gebruik word vir die Penkop, Drawwertjie en Verkenner spesialisasies is vervat in die bundel, saam met so paar ekstra knope.

Leer ook 'n paar interessante maniere om jou das en serp te knoop

Sleutel tot knoopproepe



Hengel



Boot



Bergklim



Algemene gebruik



Buitelug en kampering

Oorhandknoop, dubbele oorhandknoop, oorhandknoop gedubbel, figuur-agt knoop, figuur-agt knoop gedubbel, boeieknoop, vlinderknoop, booglynknoop, dubbele booglynknoop, voorslagknoop, dubbele voorslagknoop, gepligte voorslagknoop, kniehalterslag, galgknoop, brandweerknoop, skenkelknoop, oorhandlus, figuur-agt lus, bobbejaanvuisknoop, timmersteek, driepootvaswoel, kruisvaswoel en rygvaswoel om 'n paar te noem.

Tweede uitgawe

Saamgestel deur
Jaco Erwee

Brandkop Voortrekkers

INLEIDING

- Die kursus word op 'n gepaste wyse met skriflesing en gebed geopen.
- Die kursusaanbieders word aan die kursusgangers bekend gestel.
- Die kursusganger word vooraf ingelig oor die kursusprogram en kursusdoelwitte.
- 'n Kenmekeer / ysbreker / speletjie word aangebied sodat kursusgangers mekaar kan leer ken.

Knoopwerk is 'n lekker tydverdryf. Elke persoon behoort te weet hoe om 'n paar knope te maak.

Tou is 'n lengte van vesel, gedraai of gevleg om die trekkrag te versterk. Tou is van absolute belang in velde so divers as konstruksie, seil, sport, ontspanning en kommunikasie. Reeds in prehistoriese tye was tou, of een of ander vorm van bindmiddel soos riem of plantslingers gebruik. Om tou vas te maak, is 'n groot klomp knope reeds ontwikkel.

Deur 'n klomp knope onder die knie te hê, beteken dat jy in staat is om in enige situasie tou te kan gebruik om 'n taak te vergemaklik.

Die eerste mense het knope gebruik om wapens te maak, kos te vang, skuilings te bou, versiering te maak en om rekord te hou. Knope is vandag nog net so belangrik soos wat dit in die verlede was. Moderne mense is konstant besig om nuwe gebruike vir knope te kry en nuwe knope te ontwikkel.

Die hoof kategorieë vir die gebruik van tou is om twee of meer toue aanmekaar te las, om 'n lus te maak, om iets te bind of vas te maak. Die doel waarvoor die tou gebruik gaan word, bepaal die tipe knoop wat gebruik sal word. Sekere knope kan meer as een doel dien, waar ander slegs goed is om een taak te verrig. Sodra jy die funksie van elke knoop ken, sal jy weet of dit die regte knoop is vir die werk wat jy wil doen.

1 *DIE REGTE KNOOP VIR ENIGE WERK*

Leeruitkomst

- Dat die kursuganger 'n basiese kennis van die gebruik van tou sal ken.
- Dat die kursuganger 'n basiese kennis van die geskiedenis van tou sal opdoen.
- Dat die kursuganger van die verskillende soorte tou en hulle gebruike sal kennis dra.
- Dat die kursuganger van die versorging en stoor van tou sal kennis dra.
- Dat die kursuganger van die verskillende oprolmetodes van tou sal kennis dra.
- Dat die kursuganger die terminologie van tou sal ken.
- Dat die kursuganger tou sal kan beset.

Wanneer jy 'n gereedskapkas oopmaak, is jy seker watter gereedskap die werk sal kan doen en wat nie. Wanneer jy 'n werk het wat met tou te doen het, sal die knope soos jou gereedskap wees. Net soos wat jy nie veel nut gaan kry van 'n gereedskapkas met een item in nie, sal jy nie veel kan doen met net een knoop nie. Jy moet 'n paar verskillende knope leer wat verskillende take kan verrig om jou gereedskapkas doeltreffend te gebruik.

1.1 ANDER FAKTORE

Hoe meer jy leer oor knope, hoe meer faktore kan jy gebruik om te bepaal watter knoop reg sal werk vir die taak wat jy wil verrig.

Daar is baie vrae wat jy jouself kan vra wanneer jy besluit watter knoop om te gebruik:

- Sal die knoop gebruik word vir 'n konstante of veranderbare vraag?
- Moet die knoop weer losgemaak word?
- Moet dit vinnig geknoop en losgemaak kan word?
- Watter knope het jy in jou gereedskapkas?
- Hoe stewig moet die knoop wees?
- Moet ander mense die knoop kan knoop of ontknoop?
- Sal die spanning in die tou later verander moet word?
- Is beskadiging van die tou 'n faktor?

Hierdie en baie ander vrae word gevra wanneer jy besluit watter knoop om te gebruik. Jy word natuurlik beperk deur die hoeveelheid knope wat jy ken. Dit laat jou met die vraag watter knoop moet ek leer?

1.2 GESKIEDENIS VAN TOU

Die gebruik van tou vir jag, trek, versterking, vasmaak, dra, optel en klim dateer terug na prehistoriese tye. Dit is moontlik dat die eerste "tou" natuurlike lengte van plantvesel, soos wingerde, was. Pogings om vesels te draai en te vleg om tou te maak soos ons dit vandag ken, het daarop gevolg. In Europa is tekens van tegnieke om tou te maak wat 28 000 jaar terug dateer gevind. Gefragmenteerde fossiele van 2 string tou van ongeveer 7 mm deursnee wat terug dateer na 15 000 BC, is in grotte in Lascaux gevind.


"DIE ANTIEKE EGIPTENARE WAS SEKER DIE EERSTE BESKAWING OM GEREEDSKAP TE ONTWERP OM TOU TE MAAK."

Die antieke Egiptenare was seker die eerste beskawing om gereedskap te ontwerp om tou te maak. Egiptiese tou dateer terug van 4 000 tot 3 500 BC en was gemaak van waterriet. Ander voorbeelde van tou is van dadelpalms, gras, papirus, leer en dierhare gemaak.

In die middeleeue (13de tot 18de eeu), was tou regoor die Britse Eilande en Italië gemaak in wat bekend staan as *Ropewalks*.¹ *Ropewalks* is lang geboue waar vesel uitgelê word om die hele lengte van die tou te vleg en te draai. Die lengte van die tou het afgehang van die lengte van die gebou. Lang tou was nodig om te gebruik op skepe. 'n Klomp kort toue wat gelas is, is nie sterk genoeg om die werk van eenaanlopende tou te doen nie.

Jou domkop! Kyk nou mooi.

Die hasie kom uit die gaatjie en gaan vyf of ses keer om die boom ...



¹ Ropewalks - Kyk video 1 op DVD.

1.3 VERSKILLENDEN TOU

Vandag bestaan daar 'n groot verskeidenheid tou, gemaak van verskillende materiale, byvoorbeeld nylon, aramid, HMP (hoë modulus poliëtileen), klapperhaar (coir), katoen (cotton), sisal, manila, hemp, polipropoleen – gebondel, multi-filament, gesplete filament, gedraai of gespan, poliëster of nylon.

Vir materiaal, konstruksie/dikte, breekkrag, rekking onder spanning, of dit kan dryf op water, duursaamheid, oogsplitsing of terugsplitsing, knoopbaarheid en gebruike, sien Aanhangsel 1.

MODERNE TOU WORD OP 'N VERSKEIDENHEID MANIERE GEMAAK² DEUR
GEBRUIK TE MAAK VAN 'N GROOT VARIASIE VAN MATERIAAL.²



² Kyk video 2 - "How it's made – Rope".

Hemp



Nylon




Poliëster



Poliëtileen





Gedraaide tou

Gedraaide tou word gevorm deur 3 stringe in dieselfde rigting te draai. Die tou moet beset³ word om te verhoed dat die tou nie ontrafel nie.

Gevlegte tou

Gevlegte tou word weer in drie groepe verdeel

- **Diamant met 'n kern**

Die tou word gevleg met 'n kern in die middel. Die tou kan nie gelas word deur splitsing nie.


- **Diamant sonder 'n kern**

Indien daar nie 'n kern is nie, kan die tou gelas word deur van splitsing gebruik te maak.

- **Solied gevleg**

Die tou is baie ferm, rond en styf gevleg. Die tou het ook 'n sluitsteek wat help dat die tou nie ontrafel wanneer dit gesny of geskeer word nie. Die tipe tou bied baie weerstand teen afwering


³ Sien 1.6.




1.4 STORING EN VERSORGING VAN TOU

- Tou moet in 'n koel droë plek gestoor word, verkieslik in 'n stoorsakkie.
- Om "kinking" te voorkom word tou gewoonlik opgerol.
- Die punte van die tou moet altyd beset wees om uitrafeling te voorkom.
- Moenie tou op die grond gooi nie.
- Moenie op die tou trap nie.
- Moenie tou in direkte sonlig los nie.
- Hou weg van chemikalieë.
- Was 'n vuil tou met koue water en laat dit deeglik droog word voordat dit gestoor word.
- Gebruik die tou waarvoor dit bedoel is. Moenie 'n sleeptou gebruik om 'n berg te klim nie, en 'n klimtou om 'n voertuig te sleep nie.
- Tou moet gereeld geïnspekteer word vir enige skade en vervang word waar nodig. Vragdraende tou wat vervang word, kan gebruik word vir nievragdraende werk.
- Die leeftyd van tou is 5 jaar.


Kettingsteek




“Alphine” spoel



Brandweermanspoel



Matroosspoei



Vlinderspoel





Opwenspoel



Tot so die einde van die 19de eeu het, meulenaars die stelsel gebruik om rekord te hou van hoeveel en watter soort meel in hul sakke was.

Die knoop waarmee die sak toegemaak was, het aangedui hoeveel eenhede in die sak was, en die lusse aan die eiende van die tou, het aangedui watter tipe meel in die sak was.

1.5 TERMINOLOGIE VAN TOU



1.6 BESET VAN TOU

Toue word beset sodat dit langer hou en nie uitrafel nie.

Die vier algemene gebruike is;

- Bind
- Terugsplitsing
- Oogsplitsing
- Brand


Bind

Voortrekkers gebruik die metode om die tou waarmee knope ge oefen word, af te werk.

Die standaard is dat die lengte van die bindwerk dieselfde as die deursnee van die tou is.

Die bindmetode kom ook in ander bindwerk voor, en kan ook gebruik word om enige van die splitsingetegnieke te versterk.

- Begin deur 'n lus te maak.
- Aan die onderkant van die lus, begin deur die dun tou styf om die dikker tou te wen.
- Trek punt b deur die lus
- Trek punt a ondertoe om die lus onder die knoop in te trek.
- Sny die los punte af.




Terugsplitsing

Die terugsplitsing metode word gebruik om te keer dat drie- of meerstring tou ontrafel.

Begin met terugsplitsing deur met 'n dun toutjie of garing op die tou 'n knopie te maak waar die terugsplitsing gaan begin. Ontrafel die res van die tou.


- Begin deur 'n kroon knoop te maak
- Vat die eerste string en ryg dit bo en onder deur die tou.
- Herhaal dit totdat die tou ten minste drie keer geryg is.



Oogsplitsing

Oogsplitsing is 'n handige metode om 'n permanente oog in 'n tou te sit. Die voordeel van so 'n oog is dat hoe harder daar aan die staande gedeelte van die tou getrek word, hoe stewiger word die oog.

- Deur gebruik te maak van binding word daar 'n gedeelte van die tou gebind.
- Die res van die werkende tou word nou uitgerafel. Die stringe kan ook gebind wees.
- Bepaal hoe groot die oog moet wees en begin om die stringe bo en onder deur te vleg.
- Herhaal dit totdat elke string ten minste drie keer geryg is.
- Die knoop kan afgeëindig word met bindwerk soos wat die onderste prent aandui.



Brand

Die brandmetode kan slegs gebruik word met tou wat eerder sal smelt as aan die brand raak. Die tou kan natuurlik ook op enige van die ander maniere beset word as die tipe tou dit toelaat.

Het jy al gewonder hoe mense voor Elektroniese Dagboeke van hul afspraak rekord gehou het? Vir sekere mense was 'n stukkie tou al wat nodig was om hul afspraak te onthou. Soms was die uitnodiging na die vergadering 'n toutjie met 'n aantal knope in. Elke dag word een knoop losgemaak totdat die vergadering of afspraak aanbreek.

2 *KNOPE*

Die geheim van 'n stewige knoop is dat dit netjies moet lyk. Slae moet styf teen mekaar gemaak word.

Leeruitkomste

- Dat die kursusganger bewus sal word van die verskillende soorte knope wat bestaan.
- Dat die kursusganger sal kennis neem van die gebruike van die verskillende knope.

Oorhandknoop



Die knoop is die maklikste knoop om te maak en ook die oudste knoop.


Die knoop kom in ander knope voor om dit te versterk.

Dit is moeilik om los te maak nadat dit onder spanning geplaas is.

Die knoop word op gereelde afstande op 'n reddingstou gemaak.

Die knoop is ook 'n stopperknoop, wat gemaak word sodat die tou nie deur 'n gat trek nie.

- Maak 'n onderhandlus en trek die werkendepunt deur die lus.




Dubbele Oorhandknoop



Die knoop dien dieselfde doel as die oorhandknoop met die verskil dat die knoop meer volume het.

- Maak 'n onderhandlus en trek die werkendepunt twee keer deur die lus.



Klomp oorhandknope


Die metode kan gebruik word om 'n klomp oorhandknope op een stuk tou te maak. Die knope staan ook bekend as 'n brandweerleerknoop.

Oorhandknoop met gliplus



Die knoop dien as 'n "quick release", en kom in ander knope voor.

- Maak 'n onderhandlus en trek die werkendepunt deur die lus
- Moenie die hele werkendepunt deurtrek nie, sodat dit 'n lus vorm.




Oorhandlus



'n Basiese knoop wat gebruik kan word met bindwerk.

Die knoop maak nie maklik los nadat dit onder spanning geplaas is nie.

- Vou die tou en maak 'n lus.
- Maak 'n onderhandlus met die dubbel tou en trek die lus deur die onderhandlus. Maak seker die toue lê netjies langs mekaar wanneer die knoop styfgetrek word.



Oorhandknoop gedubbel




Die knoop word gebruik om twee toue aanmekaar te las.

Die knoop werk vir dik tou tot die dunste vislyn tou. Self vir plat tou werk die knoop baie goed.



- In een van die toue maak 'n oorhandlus en trek die werkende punt deur die lus.
- Druk die werkende punt van die ander tou van die teenoorgestelde kant in die oorhandknoop.
- Volg die oorhandknoop met die werkende punt.
- Maak seker die toue netjies langs mekaar lê voordat die knoop styfgetrek word.



Visserknoop



Vissers het gou agtergekom dat die skuifknoop losglip wanneer dit nat word en moes **dus noodgedwonge 'n lasknoop vind wat stewiger is**. Hulle het toe die visserknoop ontwerp. Hierdie knoop is stewig, gly nie los as die toue nat is nie en kan tog weer gereedelik losgemaak word as dit moet. Hierdie knoop is dus geskik om twee stukke tou van dieselfde dikte aanmekaar te knoop, veral as die toue aan nattigheid blootgestel gaan word.

- Maak 'n oorhandknoop in een tou, sonder om die knoop styf te trek.
- Gebruik die werkende punt van die tweede tou en ryg dit deur die eerste tou se oorhandknoop

- Maak 'n oorhandknoop met tou 2, sodat die werkende punt van tou 1 binne die knoop is.
- Trek die oorhandknope styf. Deur aan die staande punte te trek sal die oorhandknope styf teen mekaar skuif.

Sorg dat die oorhandknope so gemaak word dat die punte van tou 1 en 2 altyd na buite wys. Dit sal dan outomaties veroorsaak dat die kruislae mooi styf teenmekaar pas. So 'n knoop sal nie maklik losgaan nie en sal ook sommer baie netjies vertoon.




Figuur-agt knoop



Die knoop word gereeld op seiljagte gebruik. Die maklike en eenvoudige knoop het meer volume as die oorhandknoop en maak makliker los.

- Maak 'n lus.
- Gaan met die werkende punt bo-oor die staande tou.
- Draai die werkende tou se punt terug onderdeur die staande tou.
- Druk die werkende tou deur die lus wat in stap 1 gemaak is.
- Trek die knoop styf.



Figuur-agt gedubbel



Die knoop word gebruik om twee toue aanmekaar te las.

Die knoop werk vir dik tou tot die dunste vislyn tou.

- In een van die toue maak 'n figuur-agt knoop, sonder om dit styf te trek.
- Druk die werkende punt van die ander tou van die teenoorgestelde kant in die figuur-agt knoop.
- Volg die figuur-agt knoop met die werkende punt.
- Maak seker die toue lê netjies langs mekaar voordat die knoop styfgetrek word.




Figuur-agt lus



Hierdie is 'n **maklike en stewige lus** om te maak. Dit word veral gebruik deur beginner klimmers.

- Die knoop is dieselfde as 'n figuur-agt knoop, met die verskil dat die knoop met 'n lus gemaak word





Skuifknoop



Voortrekkers, sowel as ander mense, gebruik hierdie knoop seker die meeste van alle knope, nie alleen in Voortrekkerwerk nie, maar ook in die daaglikse lewe. Die knoop is eintlik bedoel om twee toue van dieselfde dikte aanmekaar te koop, maar vandag word dit sommer vir baie ander doeleindes ook gebruik.

- Neem die werkende punte van tou A en B.
- Kruis die punte , a en b van die toue, A en B (bo)
- Vou punt a terug langs A en bo-oor punt b (middel)
- Steek punt b oor punt a en onder die oog deur langs B soos die pyl aandui.
- Trek styf.

Ons ken mos almal hierdie metode – die een wat gepaard gaan met die versie: “Links oor Regs en dan Regs oor Links”. Hierdie metode is veral belangrik by die afeindiging van 'n vaswoel, want dikwels is die punte van die tou nog baie lank en kan ons sommer maklik met 'n domknoop afeindig. Noodhelpers weet ook al uit dure ondervinding dat domknope teen 'n mens tel wanneer jy die een of ander spalk moet aanlê. Ons moet dus almal hierdie knoop sommer toe oë kan maak.




B A

Voorslagknoop



Wanneer 'n dik tou en 'n dun toutjie aanmekaar geknoop word, word hierdie knoop daarvoor gebruik. Die voorslag van 'n sweep word ook dikwels met hierdie knoop aan die dikker ankerslag vasgebind, vandaar ook die mooi naam van die knoop. Voortrekkers gebruik hierdie knoop veral wanneer hulle vlage gereed maak vir 'n vlaghysing

- Maak 'n lus in tou A
- Steek werkende punt van toutjie B deur die lus sodat dit oor






punt a gaan

- Neem punt b agter om die lus soos die pyltjie aandui
- Steek punt b oor tou A, onder toutjie B deur en weer oor a.
- Trek styf.

Let wel dat die punte a en b albei aan dieselfde kant van die staande deel van die dik tou A lê, dws die punt b gaan altyd eers om die punt a van die dik tou en dan die dik tou self.




Dubbele voorslagknoop



Die dubbele voorslagknoop word gemaak om ekstra sterkte aan die knoop te gee. Die knoop word net soos die voorslagknoop gemaak, met die verskil dat dit 'n ekstra keer omgaan.

- Maak 'n lus in tou.
- Steek punt van toutjie deur (1) die lus sodat dit oor punt gaan
- Neem punt agter om die lus (2), soos die pyltjie aandui, en onder homself deurgaen.
- Herhaal die stap 2 deur weer (3) dieselfde roete te volg.
- Trek styf



Gepligte Voorslagknoop



Die gepligte voorslagknoop word meestal gebruik om 'n knoop wat maklik losmaak, te maak. Moet nie die knoop gebruik as 'n knoop wat vir 'n lang tydperk vas moet wees, of as daar rukwinde is nie.

Die knoop word dieselfde gemaak as die voorslagknoop, met die verskil dat 'n lus eerder as 'n punt deurgedruk word.



Kniehalter




Verkenners gebruik hierdie knoop sekerlik die meeste van alle knope wanneer hulle kampeer, want alle vaswoele word daarmee begin. **Dit is 'n baie nuttige knoop, want 'n tou kan daarmee baie stewig aan 'n paal vasgebind word.** Boerseuns en -dogters sal ook weet dat die knoop gebruik word om perde te kniehalter en ook om swepe aan sweepstokke vas te maak.





Hierdie knoop kan op meer as een manier gemaak word, en dit is goed om meer as een metode te ken, want dit is nie altyd moontlik om net van die een metode gebruik te maak nie.



Metode 1


Hierdie metode is toepaslik waar die knoop om 'n vaste voorwerp gebind moet word, soos 'n boom of ingeplante paal.

- Draai die werkende punt van die tou om die paal sodat dit onder deur homself gaan.
- Draai die werkende punt weer agter die paal en steek weer onder homself deur
- Trek styf. Kyk dat die twee slae agter die paal nie kruis nie en sien ook toe dat die twee slae mooi styf teenmekaar lê.

Metode 2

Oor die algemeen word hierdie metode as die makliker metode beskou. Dit is vinniger om te maak as die eerste metode en is om daardie rede van groot waarde vir die verkenner wat kampgeriewe vervaardig.

- Vorm 'n oorhand en 'n onderhandlus.
- Skuif die onderhandlus bo-op die oorhandlus.
- Steek die stok deur die dubbele lus
- Trek styf en kyk weereens dat die slae mekaar nie agter die stok kruis nie.



Dubbele kniehalter



Die dubbele kniehalter gee ekstra sterkte aan die knoop. Dit word ook gebruik om iets met 'n **groter deursnee of onreëlmatige figuur te bind**.

- Draai die werkende punt van die tou om die paal sodat dit onder deur homself gaan.



- Draai die werkende punt 2 keer agter die paal en steek weer onder homself deur
- Trek styf.



Rowersknoop



Vinnig gekyk lyk die knoop dieselfde as die skuifknoop, met die enigste **verskil dat die twee werkende punte aan die teenoorgestelde kante is.** Dit veroorsaak natuurlik dat die knoop makliker losgaan.





Timmersteek



Die knoop word meestal gebruik om **hout wat gekap is te sleep** na waar jy dit graag wil hê. Die knoop sal hou terwyl jy die hout deur rowwe terrein en water sleep en maak weer maklik los.

- Vat die werkende punt van die tou om die voorwerp.
- Neem die werkende punt terug na die staande tou en gaan agter om die tou.
- Draai nou die werkende punt om homself terug.
- Deur die staande tou te trek sal die knoop vastrek.



Skenkelknoop



Ons vind dit dikwels nodig om tou tydelik korter te maak, maar terselfdertyd vind ons dat die tou reeds in gebruik is, soos bv die tou van 'n opgeslaande tent. **In sulke gevalle gebruik ons die skenkelknoop.** Hierdie knoop kan egter baie maklik losglip en sal dan ook net suksesvol wees as die tou onder spanning verkeer. Indien dit egter slegs by tye onder spanning sal verkeer, kan ons wel nog die knoop gebruik, maar dan sal sekere wysigings aan die knoop nodig wees, soos figuur 4-6 aantoon.

Om die knoop te maak wanneer die tou reeds in gebruik is, dit wil sê wanneer die twee punte van die tou reeds vasgemaak is, maak ons die knoop soos in figuur 7-10 aangedui word. As die punte van die tou egter reeds vas is en ons kan dit nie deursteek nie, kan ons met behulp van twee stokkies ook seker maak dat die knoop nie losglip nie, soos figuur 6 duidelik aantoon.

Die metode kan ook gebruik word om 'n stuk tou wat beskadig is uit te skakel, sodat die res van die tou die vrag kan dra.


Metode 1

- Vou die tou sodat twee lusse A en B gevorm word (figuur 2)
- Draai punt b agter om lus A en punt a agter om lus B (figuur 3)
- Steek punt b oor lus A en onder b self deur (volg die pyltjie in figuur 3)
- Netso steek punt a oor lus B en onder a self deur (figuur 3)
- Trek punt e a en b styf.


Metode 2

- Kruis die hande oor mekaar en neem die tou met albei hande. Trek die hande by mekaar verby. Die tou sal nou soos 'n S lyk (figuur 7).
- Neem dit in die middel met een hand sodat die S nie versteur word nie.
- Maak 'n oog met die ander hand in die staande part van die tou (figuur 8).
- Steek die een lus deur die oog (die lus in figuur 8 moet van agter af in die oog gesteek word). Trek die staande part van die tou sodat die oog toetrek.
- Doen dieselfde aan die kant van die ander lus.
- Trek aan die staande parte van die tou en die knoop sal vertoon soos in figuur 10.


Figuur 1




Figuur 2




Figuur 3




Figuur 4



Figuur 5



Figuur 6




Figuur 7




Figuur 8



Figuur 9



Figuur 10





Boieknoop



Die naam van die knoop sê dit alles.

- Gebruik metode 2 van 'n kniehalter.
- Vat die lusse en trek dit deur die knoop om boeie te maak.

Die boeie kan gesluit word deur 'n halfslag oor elke lus te maak nadat dit styf getrek is.




Vlinderknoop



Die vlinderknoop word gebruik om die vrag op 'n bakkie vas te maak. 'n Klomp vlinderknope kan ook in 'n lengte tou gemaak word sodat dit gebruik kan word as 'n touleer.

- Draai die werkende punt 3 keer om jou hand
- Vat die middelste tou bo-oor die voorste tou.
- Vat die tou wat nou in die middel is bo-oor die agterste tou
- Vat die voorste tou onder die middelste tou en bo-oor die agterste tou.
- Trek die knoop styf.





Brandweerknoop



Hierdie knoop word gebruik om iets slegs tydelik vas te maak. Deur een tou te trek kom die knoop baie maklik los.

Die knoop staan ook bekend as die skoonmaknoop. Die storie loop dat wanneer jy in 'n gebou is wat brand, knoop jy die tou en klim af deur aan die een tou te abseil. Wanneer jy onder is, sê jy vir jou skoonma om die ander punt van die tou te gebruik. Dit sal natuurlik losgaan sodra daar spanning op die knoop gemaak word.

- Maak 'n lus in die tou.
- Plaas die lus om die voorwerp waaraan jy die tou wil vas maak.
- Neem die staande punt en vorm 'n lus wat jy om die voorwerp deur die eerste lus druk.
- Neem die werkende punt en vorm 'n lus wat jy deur die staande punt se lus druk.
- Neem die staande punt en trek die knoop styf.
- Deur die werkende punt te trek sal die knoop losgaan.




Booglynknoop



Die booglynknoop is 'n knoop wat nie kan toeskuif nie, al is die gewig wat dit moet dra ook hoe groot. Om hierdie rede is dit 'n belangrike knoop, veral vir Voortrekkers wat dikwels nodig het om mekaar teen kranse of uit 'n put te trek. Daar is ook baie ander gebruike van hierdie knoop, maar alle gebruike berus juis daarop dat die knoop nie kan toeskuif nie. Van die voordele van die knoop is dat dit nie losgaan, gly of vassit nie.

- Maak 'n oog B in tou A
- Steek punt a deur oog B soos die pyltjie aandui.
- Bring punt a agter om tou A en weer deur oog B
- Trek styf

Om die booglyn vinnig los te maak, kan 'n gliplus met die werkende punt gemaak word



Dubbele Booglynknoop




Hierdie knoop word die reddingsknoop genoem omdat dit gebruik kan word om 'n beseerde wat self geen bydrae kan lewer om te help nie, op te hys. Dit kan ook gebruik word om 'n draagbaar waarop 'n beseerde lê, op te hys. Indien die persoon gehys word kan kussings of iets soortgelyk tussen die persoon en die tou ingesit word om te verhoed dat die tou in die persoon insny.

- Vou die tou dubbel en maak 'n oorhandlus in die dubbele tou.




- Steek die lus van die dubbelgevoude tou deur die dubbele oorhandlus/oog.
- Maak die punt van die dubbelgevoude tou oop en slaan dit om die groot dubbele oog sodat die knoop voltooi is.



Galgknoop



Die strikknoop het meer gebruik as **net die van 'n galgtou**. As die strik eers styf getrek is, is dit moeilik om losgemaak te word.




Bobbejaanvuisknoop



Die knoop word meestal gebruik om as 'n gewig aan die punt van 'n tou dien. Maak 'n netjiese knoop en eindig dit af met 'n lus. 'n Karabiner kan dan deur die lus en die lus aan die punt van 'n tou vasgehaak word. Gooi die bobbejaanvuisknoop oor die voorwerp en hak net weer die lus vas. Die knoop kan dan gebêre word om later weer gebruik te word. 'n Klippie of yster albaster kan ook aan die binnekant van die knoop gestoor word om dit meer gewig te gee.

- Die knoop kan ook as 'n sierknoop dien.
- Wen die werkende punt 3 keer om jou hand.
- Wen die werkende punt tussen jou middelste vingers dwars met die eerste slae 3 keer.
- Verwyder jou hand en wen die werkende punt 3 keer deur die spasies waar jou vingers was.

- Trek die knoop styf deur die tou deur te ryg totdat dit 'n klein balletjie is.
- Die laaste stap word herhaal totdat die balletjie stewig is.




Pruisiese lus



Die Pruisiese lus is 'n knoop wat enigiemand in staat stel om met die **grootste gemak teen 'n paal, pyp of dik tou uit te klim**. Die knoop is baie eenvoudig en veilig.

Gestel ons moet teen 'n dik tou uit 'n put uitklim. Met twee dun toutjies, elk 0.5 mm dik en sowat 1,85 m lank, word twee stiebeuels gemaak.

- Knoop die tou deur gebruik te maak van die visserknoop
- Wen die teenoorgestelde gedeelte van die knoop om die paal of tou waarteen opgeklim gaan word.
- Afhangende van die tou wat gebruik word, herhaal stap 2.
- Trek die werkende punt deur die laaste omwenteling.



3

VASWOELE

Leeruitkomste

- Dat die kursuganger sal kennis neem van die verskillende vaswoele en waarvoor dit gebruik word.
- Dat die kursuganger die maak van die verskillende vaswoele onder die knie sal kry.


Wanneer vaswoele gemaak word is dit besonder belangrik dat alle slae styf en netjies is, anders gaan die vaswoel maklik los. Wurgslae moet ook netjies en styf teen mekaar wees.

Vaswoele begin almal met 'n kniehalterslag en eindig met 'n skuifknoop. Werk alle los punte weg sodat die knoop netjies vertoon.

Driepoot vaswoel



Die knoop kan gebruik word om kampgeriewe te bou. Dit is ook handig wanneer **daar iets uit 'n put getrek moet word**.



- Lê drie sparre of pale langs mekaar neer en maak 'n kniehalterslag om een van die buitenste sparre. Los 'n stukkie tou om met 'n skuifknoop af te eindig.
- Vleg die punt a van die tou deur die pale soos aangedui.
- Hou aan met hierdie slae totdat sowat 10 cm van die sparre gewoel is.
- Begin met die spar die verste weg van die kniehalter en maak 'n wurgslae.
- Maak nou wurgslae tussen die volgende twee sparre.
- Eindig met 'n skuifknoop.


Kruisvaswoel



'n Kruisvaswoel word gebruik om 'n dwarsbalk vas te maak.

Dit is uiters belangrik dat die tou elke keer baie styf getrek word. As dit gebeur, kan een enkele kruisvaswoel maklik die gewig van 'n groot man dra sonder om af te skuif.

- Maak 'n kniehalterslag om die regop paal. Sorg dat 'n stukkie tou aan die een punt oorbly om later 'n skuifknoop te kan maak.
- Plaas die dwarsbalk teen die regop paal en wel so dat die dwarsbalk op die kniehalterslag kan rus en dat die kruis van die kniehalter reg onderkant die dwarsbalk is.
- Draai die lang punt van die tou voor om die dwarsbalk, agter om die regop paal, weer voor om die dwarsbalk en weer agterom die regop paal.
- Trek die tou styf
- Herhaal hierdie paalslae minstens drie keer
- Draai die tou om die dwarsbalk en maak weer minstens twee wurgslae in die paalslae
- Eindig af deur die twee punte van die toue met 'n skuifknoop aanmekaar te knoop.



Rygvaswoel




Voortrekkers wat uitkamp maak altyd **'n tafel of 'n deksel vir die dreineringsput en dan kom hierdie vaswoel sommer handig te pas**. 'n Bruggie kan oor 'n sloot of riviertjie gebou word, deur dieselfde metode te gebruik. Wanneer ronde stokkies of riete gebruik word om die blad te vorm, word die volgende metode gebruik.

- Maak 'n kniehalterslag om die draagbalk.
- Plaas die eerste stokkie van die blad op die draagbalk en draai die tou om die stokkie deur eers onder om die draagbalk te draai en dan van agter na voor oor die stokkie en weer onder om die draagbalk te draai. Die voorkant word beskou as die kant waar die kniehalterslag is.
- Plaas stokkie nommer twee op die draagbalk en herhaal die slag.
- Hou so aan totdat al die stokkies geplaas is. Alhoewel die slae elke keer styfgetrek moet word, kan die stokkies maar 'n entjie uitmekaar geplaas word as dit so verkies word.
- Draai nou die tou onder die draagbalk om sodat dit aan die voorkant van die stokkie uitkom en draai dan die tou van voor na agter oor die stokkie, sowel as om die reeds voltooide slag.
- Herhaal hierdie slag met elkeen van die stokkies sodat die tou 'n netjiese kruis oor die stokkies maak.
- Maak die kniehalterslag los en knoop die punte van die tou met 'n skuifknoop aanmekaar

Hierdie vaswoel sal verhoed dat die stokkies van die draagbalke afskuif. Die dikte van die stokkies en die afstand van die draagbalke uitmekaar sal bepaal welke vrag die blad kan dra.

Metode 2

Wanneer 'n Voortrekker **'n tafelblad met kasplankies aanmekaar wil woel** of 'n tydelike brug met swaar draagbalke en dik timmerhout wil prakseer, kan hierdie metode wel gebruik word.



- Plaas die plank op die draagbalke en draai die tou eers onder die draagbalk, dan van voor bo-oor die plank en dan onder om die draagbalk sodat dit van agter na voor oor die volgende plank kan gaan, maar aan die teenoorgestelde kant van die draagbalk.
- Die volgende plank word weer van voor na agter vasgedraai.
- Wanneer die laaste plank geplaas is, word die tou onder die draagbalk deurgeneem sodat die plank aan die anderkant van die draagbalk ook van voor na agter vasgedraai kan word.
- Die ander planke word dan almal van voor na agter vasgedraai aan die kant wat nog nie 'n slag om het nie.
- Die kniehalterslag word losgemaak en die twee punte van die tou met 'n skuifknoop vasgemaak.

Dit is besonder belangrik dat die tou met elke slag baie styfgetrek word. Ook in hierdie geval is dit nie noodsaaklik dat die planke teenmekaar geplaas word nie.

4

SPELETJIES

Leeruitkomst

- Om die kursuganger die geleentheid te gee om sy kennis van touwerk te toets.
- Om die kursuganger voorligting te gee van hoe om sy/haar span touwerk speel-speel te leer.

Dink buite die boks

Elke persoon vat 'n tou en maak 'n oorhandgliplus aan beide punte van die tou. Hulle druk nou 'n hand in elk van die lusse. Twee-twee werk nou saam. Een persoon haal sy hand uit die lus. Die oop lus word dan bo-oor die ander speler se tou gegooi. Die persoon wie se hand oop is druk nou weer sy hand deur die lus. **Almal kry nou die geleentheid om van mekaar los te kom, sonder om hul hande uit die knoop te haal, of die tou los te maak.**

Lekker ysbreker speletjie.

Ken jou knope

Elke span kry 'n stel kaartjies met die name van knope en 'n stel van die voorbeelde van die knope. Kyk watter span dit die vinnigste kan sorteer. Kaartjies kan afgelaai word vanaf die DVD.

“DAAR IS EEN KNOOP VIR ELKE KAARTJIE.”

Maak die knoop

Elke span kry 'n sekere aantal kaartjies met die knope se name op. Wanneer die tyd begin moet hulle die kaartjies omdraai en die knope so vinnig as moontlik maak. Daar is een knoop vir elke kaartjie. Die span wat eerste hul reeks van knope gemaak het, wen.

Leer jou maat

Hiervoor moet daar groepe van 2 gemaak word. Elke paar kry 'n paar kaartjies met die knope se name op. Die hupie word gesig onder toe neergesit. Een speler kies 'n kaartjie en hou dit teen sy voorkom sodat sy maat die knoop kan sien. Die maat maak die knoop en kan verduidelik waarvoor dit gebruik word, maar mag nie die naam van die knoop sê voordat die speler met die kaartjie teen die voorkop die naam van die knoop geraai het nie.

Blitsknoop

Die speletjie kan in enige grote groep gespeel word. Almal moet die knope uit hul tou haal. Elkeen hou dan een tou bo sy kop. Die aanbieder sê watter knoop gemaak moet word. Almal maak dan die knoop. Die speler wat die knoop die vinnigste knoop kan beloon word met lekkertjies. Die speletjie kan deurlopend deur die

aanbieder gedoen word as deel van vaslegging.

Identifiseer die regte tou vir regte werk

Hierdie speletjie bevat bietjie voorbereiding. Kry verskillende tipes tou en merk elke tou bv A, B, C, ensovoorts. Plaas die tou op verskeie plekke in lokaal. Gebruik die "Identifiseer tou" dokument op die DVD of skep jou eie. Die speletjie kan in groepsverband en/of individueel gespeel word. Spanne kan roteer en neerskryf watter tou gebruik moet word om die taak te verrig soos wat dit op die dokument voorkom. Spanne kan dan terugvoer gee, en die aanbieder kan die regte antwoorde deurgee.

Hindernissbaan

Deel mense in groep in by soveel punte as wat daar is. Elke span het 5 minute per stasie. Na die tyd verby is roteer hulle na die volgende stasie. Groepe moet nie te groot wees nie. Daar kan meer as een tipe stasie ook wees.

- Maak die knoop/das/serp
- Wat is die naam van die knoop
- Identifiseer die regte tou vir die werk wat verrig moet word.

5


MACRAMI

Leeruitkomst

- Om die kursusganger aan macrami en die verskillende soorte knope wat daarvoor gebruik word, bekend te stel.

Macrami is die maak van gebruiksartikels deur gebruik te maak van knope, eerder as weef en brei. Die 3 algemeenste knope wat gebruik word is die halfslag, volslag en skuifknoop.







6

KNOOP 'N DAS

Leeruitkomst

- Om die kursusganger bekend te stel aan die verskillende soorte dasknope wat daar is en waarvoor dit gebruik word.

Handige wenke

- Die knoop moet netjies vertoon
- Die lengte van jou das moet so wees dat dit net-net raak aan jou belt, as jy die das so dra dit die lengte van die das gesien word.
 - Sekere dasknope moet met 'n onderbaadjie of trui gedra word.
- Wanneer jy jou das verwyder, moet dit nie net van jou kop afglip en so stoor nie. Neem die tyd om jou das netjies los te maak. Dit maak dat jou dasse 'n baie langer leeftyd het.
- Om van die kreukels in jou das ontslae te raak: rol jou das op deur van die klein kant te begin en dit so vir die nag te bêre.


Christensen knoop



“Trinity” knoop




Kelvin knoop




Balthus knoop




Victoria knoop




Nicky knoop




Vier-in-hand knoop




Plattsburgh knoop




"Oriental" knoop





Hanover knoop



Half Windsor knoop



St Andrews knoop




Eldredge knoop



Windsor knoop




Pratt knoop



“Cafe” knoop



Strikdas



7

KNOOP 'N SERP

Leeruitkomst

Om die kursusganger aan die verskillende maniere waarop 'n serp gedra kan word, bekend te stel.

Drapeer



Eenkeer om




Oorhand



Verkeerd om drapeer



Kruis op bors



Europese knoop



Twee keer om



Valse knoop



Omgekeerde drapeer "TUCK"



Omgekeerde drapeer met kruis



Vier in hand



8

KNOOP 'N SY-SERP

LEERUITKOMSTE

Om die kursusganger aan die verskillende maniere waarop 'n syserp gedra/geknoop kan word, bekend te stel.



BRONNELYS

BOEKE

Die Voortrekkers – Verkennerlewe	ISBN 1-874993-86-6
Verkennerlewe – Handboek vir Verkenners	ISBN 0-620-05018-7
<i>Knots and Ropework</i> deur Geoffrey Budworth	ISBN 1-84038-838-2
<i>Ashley Book of Knots</i> deur Clifford W Ashley	ISBN 0-571-09659

INTERNET

www.66thlondon.org/knots.html

www.valparks.com.au/pages/Tie-Knots.html

<http://blank005.tripod.com/camping/howtoknots.html>

http://www.tpub.com/content/advancement/12018/css/12018_239.htm

http://www.townsvillamaritimemuseum.org.au/knot_information

<http://www.netplaces.com/knots>

<http://www.tie-a-tie.net>

<http://www.seefit.com/ask/how-to-tie-a-mens-scarf/>

<http://soulsamurai.blogspot.co.uk/2012/09/manly-knitting-ii-return.html>

<http://animatedknots.com>

<http://netknots.com>

'n Knoop is of presies reg of hopeloos verkeerd, maak slegs een enkele verandering en jy het 'n heel ander knoop gemaak of daar mag selfs geen knoop tot stand gekom het nie.

- Clifford Ashley